

Sondag 19 Maart

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-31

Fokusgedeelte 1 Korintiërs 12:25

Ons behoort aan Christus en aan mekaar

Paulus gebruik die menslike liggaam om ons verhouding as gelowiges onder mekaar te beskryf. Uit hierdie beskrywing van Paulus staan twee dinge baie duidelik uit: onderlinge afhanklikheid en individualiteit. Drie waarhede word beklemtoon:

- *Eerstens*: Ons het mekaar nodig. Ons kan nie onafhanklik van mekaar in die liggaam van Christus funksioneer nie. Ons kan nie op grond van 'n gevoel van minderwaardigheid of omdat ek nie dieselfde lyk of kan doen nie, nie deel wees nie. Ons kan onself ook nie beter ag as ander in ons dienswerk nie. Nee, elke liggaamsdeel is ewe belangrik vir die gesonde en effektiewe funksionering van die liggaam.
- *Tweedens*: Ons verskil van mekaar. Paulus se slotsom is: baie lede, maar een liggaam. Elke gelowige, lidmaat in die gemeente, ledemaat in die liggaam, is uniek, onderskeidend, onvervangbaar en onherhaalbaar. Hierin lê die uniekheid en heerlikheid van die liggaam van Jesus Christus. Deur die bediening van die Woord en die werk van die Heilige Gees word hierdie unieke verskille tot 'n eenheid saamgevoeg in een liggaam waarin God verheerlik word.
- *Derdens*: Ons moet vir mekaar omgee. Die liggaam is so deur God saamgestel – om mekaar te ondersteun en afhanklik van mekaar te wees. Ons moet besef hoe afhanklik ons van mekaar is, want dit sal ons aanmoedig om verdeeldheid te keer en werklike omgee te verdiep. Omgee word gesien wanneer ons mekaar se vreugdes en pyn deel. Ken ons mekaar so dat ons kan deel hê in mekaar se vreugdes en pyn?

Sing: Psalm 133-1:1, 2

Dr. TC (Theuns) de Klerk (Okahandja)